



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 272

30 November 2009

TOULEIER

Wat doen Kammalanders oor die Groot Dae?



Wederom, Wêreldmensdom van Kammaland!

Nog 26 slabies Krismis toe!

Waar gaan jy en julle die Kerstyd deurbring? Laat weet tog sodat ons kan sien of mense nog by familie bymekaar kom in hierdie tye van diaspora. Skryf vir ons sodat ons kan sien wat die Kammaland-familie vir die Groot Dae beplan!

Retha Kruger van *So Maak Mens* sê haar wederhelf, Schalk, wil glad nie rondreis oor die feestye nie want hulle slag liever skaap as om self geslag te word op die paaie van Duskantland.

Ek en Kamermaatjie gaan 'n kamertjie betrek hier in een van die Doha kushotelle en kyk wat hulle aanbied in die lyn van wyn en samesyn.

Afrikaanse radio in Anderkantland

Dié van julle wat dit misgekyk het: Gaan lees gerus in ons BRIEWEBUS op bladsy 10 (daar staan groot BRIEWEBUS bo-aan) van twee Kammalanders se planne om Afrikaanse radio in Anderkantland te vestig. Die antie in OZ is reeds fluks aan die gang, en Daleen in die grote VSA soek julle ondersteuning.

Greeffs ruk op in 2010

O ja, voor ek vergeet, Francois Greeff van Londen – die man wat die Greeffs se stamboomnavorsing op wêreldstandaard gebring het, wil alle Greeff-families herinner aan die Kersfees 2010 se Groot Greeff Saamtrek wat plaasvind by LOUIS GREEFF van die Arendsnes Vakansieoord naby Cintsa – tussen Oos-Londen en die Keimond. 3

Nou wil hy net laat weet dat onse mense mos die gewoonte het om die Krismis al volgende jaar se staanplek te boek – veral as dit by die see is.

Onthou dus, Louis gaan nou vir sy gereelde gaste vertel hulle sal volgende jaar moet oorslaan en ander plek soek, want sy hele Arendsnes word aan die Greeffs beskikbaar gestel.

Om dit te kan doen moet hy darem al teen einde die maand sê wie van julle gaan bykom vir die groot makietie. Kontak hom dus so gou as moontlik by: +27437385544 of per e-pos by louis@imagnet.co.za

Kinderhuis kry Hupstoot – Wen 'n prys!

Ander goeie nuus is dat ons Bloemfontein Kinderhuis se fonds hierdie maand 'n stewige hupstootjie gekry het. Om te sien presies hoeveel, gaan loer gerus in by hierdie skakel: <http://www.onsdorp.com/bloemfonteinkinderhuis/id12.html>

Stuur dan 'n epos aan pos@onsdorp.com met die woord KINDERHUIS in die onderwerplyn saam met die korrekte banksaldo. **Kammanuus** gee 'n geskenkbewys van R200 aan die eerste korrekte bedrag wat uit die hoed getrek word – ons gebruik 'n programmetjie wat die trekking doen.

Indien jy intussen die fonds verder wil aanhelp, hier is die besonderhede:

Bank: Eerste Nasionale Bank - Stilfontein

Rekeninghouer: HJ Greeff

Tipe Rekening: Bob Spaar

Rekening nommer: 60379199926

Tak Kode: 240538

En so met die tweede laaste uitgawe van Kammanuus die jaar, groet ek uit 'n heerlike koel Katar waar dit dreig om te reën!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Betaal jou belasting!

DUSKANTLAND se klein poeletjie belastingbetalers – die regering verwys na ons as "daardie klomp skape" – is gewaarsku dat 'n belastingboikot 'n ernstige uitwerking sal hê op die ANC se beleid om enorme bedrae geld van die armes te weerhou en reguit na die bankrekening van sy ontelbare kamerade-in-misdaad te herlei.

Net sowat 5 miljoen van die land se 48 (58? 68?) miljoen mense betaal belasting, wat natuurlik nodig is vir "nasiebou", wit olifant sokkerstadions en die aanskaf van luukse Duitse motors vir die uitgesoekte, onbeholpe en korrupte groep skarminkels. Die meeste van ons 5 miljoen het nie 'n groot probleem om 40% van ons inkomste by te dra tot behuising, water en krag vir die armes nie, want ons is mos patriotiese landsburgers.

Ons het wel 'n probleem om 40% van ons swaar verdiende geldjies af te staan aan verwarnde leersitplekke vir ministers en burgemeesters se BMW's en hul duur partytjies en hotelrekeninge.

Ons het ook 'n probleem dat ons geld wanneer mense met politieke konneksies, maar sonder enige kundigheid, 40 000 HOP-huisies gebou het wat nou ná 'n jaar of twee inmekaar stort.

Ons sluk ook swaar aan die miljarde wat bestee is aan wapens wat in 1998 reeds uit die mode geraak het en wat ons net nodig het as ons dalk deur Swaziland of Mauritius aangeval word – en dan ook net as ons genoeg dissiplinelose soldate kon oproep nadat daar lang en uitgerekte onderhandelings met hul vakbonde was.

Ekonomie twyfel nou ook of ons belastingstelsel werk.

"Gewettigde diefstal werk net as jy van 'n klomp mense steel en die geld onder 'n paar mense verdeel. Die regering verstaan nie dat jy die basis van die mense van wie jy steel moet vergroot nie – anders raak die goed wat jy steel gou op," het die ekonoom Marx Tsepeng gesê.

Net verlede week het die regering gewaarsku dat ons nie eers daaraan moet dink om met 'n belastingboikot te begin nie.

"Julle het vir ons gestem," het die skatkis-woordvoerder Cufflinks Mpahle gewaarsku. "Wel, miskien het die meeste van julle nie vir ons gestem nie, maar die mense wat jul belasting ontvang het wel vir ons gestem, en dis al wat belangrik is."

► **Roelfie bedank die webwerf hayibo.com vir hierdie insigte.**

❖ Rooi ikoon

AI, die wonder darem van kommunistiese, Oos-Blok tegnologie!

Hulle gaan mos nou weer begin om daai bespotlike Trabant-motortjie van die ou Oos-Duitsers te bemark.

En nou lees Roelfie dat om brandstof (darems petrol, nie hout of steenkool nie) in te gooi (die tenk was net 24 liter groot) moes jy die enjinkap oplig, die tenk vol brandstof maak, tweeslag-olie byvoeg en die motortjie dan heen en weer skud sodat die olie en die brandstof kon meng.

► **Die nuwe model gaan darem nie so terug op die brug wees nie, wat seker beteken hulle gaan die brandstof en die olie voor die tyd meng.**

❖ Beter plan

Waarheen gaan jou belastinggeld? Wel, die afgelope vier jaar is R243 miljard bestee as reddingsgordels vir staatsinstellings soos Eksdom, SAL, Denel, die Landbank, die Poskantoor en dies meer wat nie die mas kon opkom nie. Helkom is so pas weer met miljarde rand beboet.

Nou is daar weer sprake om die volkiesraad uit Slaapstad Tshwanetoria toe te skuif "om geld te bespaar." Dis nou **nadat** 'n stuk duur grond aangekoop is, juis om die volkiesraad-kompleks in Slaapstad te vergroot.

► **Roelfie het 'n beter plan: Ons kan baie meer bespaar deur bloot die ANC uit die volkiesraad te verwyder en hom in die Kaap te los.**



AI hoe meer onskuldige omstanders sterf in die polisie se nuwe benadering om hard op misdadigers toe te slaan. Die minister het gesê dit is te verwagte en dat ons die gevolge maar moet verdra en aanvaar.

Allegaartjie



En dan wonder hy hoekom hy nie werk kry nie . . .

Hoekom sien jy nooit dooie pikkewyne op die ys nie?



Die pikkewyn is 'n baie gewontevaste voël en lei 'n baie geordende en komplekse lewe. Pikkewyne is gesinsgebonde en paartjies sluit lewenslange verhoudings.

As 'n dooie pikkewyn op die ys gevind word, kom die ander lede van sy familie en sy sosiale kring saam en grawe 'n gat in die ys. Hulle rol dan die dooie maat in die gat, vorm 'n kring om die vars graf en sing:

**"Freeze a jolly good fellow
Freeze a jolly good fellow."**

JOODSE HUMOR

Sy was by die skoonheidsspesialis vir twee ure. Dit was net vir die kwotasie. Toe kry sy 'n modderpak op haar gesig. Sy het twee dae goed gelyk. Toe val die modder af.

**Ek is dalk 'n
skisofreen,
maar
ten minste
het ons
mekaar.**

IERSE HUMOR

Drie Iere raak gepleister en bevind hulle op pad huis toe in 'n begraafplaas.

"Kom kyk hier," sê Paddy. "Dis Michael O'Grady se graf. Goeie genugtig, hy het 87 gehaal!"

"Dis niks," sê Sean. "Hier lê Patrick O'Toole. Hy is op 95 oorlede!"

Net toe roep Seamus uit: "Goeie dooie donner! Hier is 'n ou wat 145 geword het!"

"Wat was sy naam?" vra Paddy.

Seamus struikel 'n bietjie rond en kry 'n vuurhoutjie om te sien wat nog op die grafsteen staan, en roep uit "myl na Dublin."

Uit die OOG en die HART van 'n kind

Wat is die beste ouderdom vir trou?

Vier-en-tagtig, want dan hoef 'n mens nie meer te werk nie, en kan julle die hele dag lank vir mekaar lief wees in die slaapkamer. (Judy, 8).

Wat doen mens op 'n date?

Op die eerste date vertel hulle net vir mekaar leuens. Dan is hulle dikwels so geïnteresseerd dat hulle maklik op 'n tweede afspraak gaan. (Mike, 10)

Wanneer is dit reg om iemand te soen?

'n Mens moet nooit 'n meisie soen tensy jy genoeg geld het om vir haar 'n groot ring en 'n videomasjien te koop nie. Meisies wil altyd video's van die troue hê.

(Jim 10)

Die groot debat: is dit beter om enkel te wees, of getroud?

Dit is beter vir meisies om enkel te wees, maar nie vir seuns nie. Seuns het iemand nodig om agter hulle skoon te maak. (Lynette, 9)



**Nou ja,
dan moet
ons seker
maar die
uitgang
probeer
om in te
kom?**

LOS GEDAGTES

Ek het baie natuurlike kosse geëet todat ek uitgevind het dat mense aan natuurlike oorsake doodgaan.

Die maklikste manier om iets te vind wat weggeraak het is om 'n nuwe een te koop.

Daar is twee soorte voetgangers: Die ratses en die dooies.

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Burgeroorlog oor die presidentskap

Nog lank voor die twee Vryheidsoorloë teen Brittanje, het 'n spul omgekieliede Boere self die wapen in 'n roemlose burgeroorlog teen mekaar opgeneem.

In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar een man wat drie keer gestaan het as president, twee van die verkiesings gewen het, en tog nooit as president ingesweer is nie.

Die hele storie het sy aanloop in die tydperk toe M W Pretorius as president van die Oranje Vrystaat gedien het. In die Transvaal het chaos uitgebreek en die staatsleer is deur die volksleer uitgedaag. Bloed het byna gevloei en dit was duidelik dat 'n sterk leier nodig was om orde te herstel.

In Januarie 1863 is daar 'n presidentsverkiesing uitgeskryf. M.W. Pretorius, wat in tussen as president van die Oranje-Vrystaat bedank het, was die een kandidaat. Teen hom het Willem Cornelis Janse van Rensburg homself verkiesbaar gestel.

Soos dit tradisie sou word wanneer Afrikaners verkiesing hou, was die een ook belaaie met emosie. Toe die stemme getel word was Van Rensburg die kandidaat wat die meeste stemme op hom verenig het.

Die verkiesing was alles behalwe vry en regverdig het die Pretorius-kamp dadelik beweër. Gewere is uitgehaal en die manne was reg om mekaar weer te takel.

Met Salomo se wysheid het die Volksraad besluit dat die stempresentasie te laag was om die verkiesing wettig te maak.

Op 1 Oktober 1863 was die volk terug stembus toe. Weer het emosie hoog geloop. En toe die stemme die keer getel was, was Van Rensburg weer die winner. Die keer het bewerings van 'n gepeuter met die stembriewe die ronde gedoen in die Pretorius-kamp.

Kommandant Jan Viljoen, wat groot roem as grootwildjagter verwerf het en 'n Pretorius-man was, het rooi gesien en met 'n volksleër opgeruk. Hy het Paul Kruger en sy staatsleër rond en bont deur die Transvaal gejaag. Met Kruger al vlugtende, is die staatsleër die een kant van Pretoria in en die anderkant uit gejaag. Op 5 Januarie 1864 het die skote uiteindelik geklap toe die volksleër van Viljoen die staatsleër van Kruger by Silkaatsnek getakel het.

Toe die eerste bloed begin vloei was dit asof altwee partye tot hul sinne gekom het. 'n Taamlik roemlose burgeroorlog het tot 'n einde gekom en die manne is terug stembus toe.

Op 29 Maart 1864 was die weer sulke tyd. Weer moes die volk kies tussen Pretorius en Van Rensburg. Dit was asof die kiesers dié keer beseft het dat hulle sou bly stem totdat hulle reg stem. Toe die stemme getel is, was dit Pretorius wat keer die meerderheid op hom verenig het.

Arme W.C. Janse van Rensburg moes maar verlief neem met die verloop van sake en aanvaar dat sy rol in die geskiedenis van die Transvaal uitgespeel was.

Die prys wat betaal moes word vir die burgeroorlog was egter hoog. Die land was ekonomies verwoes.

• **Die seël hierbo is in 1955 uitgegee toe Pretoria sy eeufees gevier het. MW Pretorius word daarop vereer as die stigter van die stad, wat ook die hoofsetel van die Zuid-Afrikaansche Republiek was.**



DIE TOU. Gatiep sleep 'n tou die straat af en loop verby Maraai. Maraai sê vir Gatiep: "Hoekom sleep jy die tou?"
Gatiep: "Het dji al 'n tou try stoot?"



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

WOORDE EN BETEKENISSE

Dingetjie

Vrou: Enige iets onder 'n motor se enjinkap.

Man: Die hakie aan 'n vrou se bra.

Kommunikasie

Vrou: Die openlike deel van jou emosies.

Man: Om 'n nota te laat as jy saam met die manne gaan visvang het.

Vermaak

Vrou: 'n Goeie rolprent, toneelstuk of boek.

Man: Enigiets wat gedoen kan word terwyl jy bier drink.



"Verstaan ek reg? Die Arabiere kry al die olie, en ons moet ons wát afsny?"

WATWO TROU?

Seuntjie aan oujongnooi wat by sy mammië sit en teedrink:

"Hoekom het tannie nooit getrou nie?"

"Ag," sê sy, "ek het 'n papegaai, 'n hond en 'n kat. Saam is hulle nes 'n man: Die papegaai vloek vreeslik, die hond poep gereeld en die kat loop saans rond."

NIE DAAI KLERE NIE

Die dogtertjie kyk hoe haar ouers vir 'n partytjie aantrek.

"Pappa, jy moenie daai klere aantrek nie!"

"En hoekom nie, my liefie?"

"Want jy weet mos jy gaan môre met 'n vreeslike hoofpyn opstaan!"

KINDERWYSHEID

Die vrou probeer hard om tamatiesous uit 'n bottel te kry toe die telefoon lui.

Die vierjarige tel die foon op op, en sê:

"Mamma kan nie nou met jou praat nie, sy is besig om die bottel te slaan."

TE VEEL BROOD

Die vrou kom by die huis met 3 kiste bier, 2 kiste brandewyn, 'n kis Cane, 'n kis Coke en 2 brode.

"Kry ons gaste?" vra haar man.

"Nee," antwoord sy.

"Nou hoekom koop jy so baie brood?"

STOUT SANNIE

Juffrou in die biologiese klas: "Teken die vroulike geslagsdeel."

Sannie trek haar broekie weg en kyk.

Jannie sien dit en skree: "Juffrou! Sannie krib!"

IETS OM OOR TE SPOG

'n Bejaarde man stap by die Katolieke kerk in om te bieë.

Man: "Vader, ek is 92 en ek het die afgelope 70 jaar 'n wonderlike vrou, baie kinders, kleinkinders en agterkleinkinders. Maar gister het ek twee meisies opgetel wat geryloop het. Ons is na 'n motel toe, waar ek met elkeen drie keer seks gehad het."

Priester: "En nou wil jy jou sondes bely?"

Man: "Watter sondes?"

Priester: "Watse soort Katoliek is jy?"

Man: "Maar Vader, ek is nie 'n Katoliek nie - ek is Joods."

Priester: "Maar hoekom vertel jy dit dan my, my seun?"

Man: "Vader, ek is 92 . . . ek is besig om álmal te vertel."

BC deur Johnny Hart





Spesifikasies vir nuwe Suid-Afrikaanse PYPE

(SABS 6784A/45297/swrt/a1)

Ingestuur deur AWIE BADENHORST (Kaapstad)

1. Alle pype moet in die vervolg gemaak word van 'n lang gat en omring word met metaal, koper of plastiek, gesentreer rondom die gat.
2. Alle pype moet oor hul hele lengte hol wees – moenie gate gebruik wat verskil van die lengte van die pyp nie.
3. Die binnemaat van die pyp moet nie die buitemaat oorskry nie, anders gaan die gat aan die buitekant van die pyp sit.
4. Die pyp word met die gat leeg verskaf sodat water, stoom en ander goed later daarin gesit kan word.
5. Alle pype word gewoonlik sonder roes verskaf, dit kan altyd maklik op die werks-terrein bygevoeg word.
Nota: Party verskaffers lewer nou geroeste pype af. Indien beskikbaar in jou area, word die produk aanbeveel aangesien dit baie tyd spaar op die werksplek.
6. Alle pype langer as 1,5 m moet duidelik die woorde LANG PYP opgeverf hê op elke sy en aan elke punt sodat die kontrakteur kan weet dis 'n lang pyp.
7. Pype langer as 3 m moet die ook die woorde LANG PYP in die middel geveerf hê sodat die kontrakteur nie die hele lengte van die pyp hoef af te tree om te sien of dit 'n lang pyp of 'n kort pyp is nie.
8. Alle pype met 'n deursnee van meer as 1,8 m moet die woorde GROOT PYP daarop hê sodat die kontrakteur dit nie met 'n klein pypie kan verwar nie.
9. Wanneer daar 90 of 30 grade buigings in pype benodig word, onthou om spesiaal daarop te let om linkerhand- of regterhand-pype te spesifiseer - anders kan jy dalk pype in die verkeerde rigting aanlê.
10. Met die aankoop van pype, maak seker jy spesifiseer gelyk-, opdraand- of afdraandpype. As jy 'n afdraandpyp in plaas van 'n opdraandpyp bestel, gaan die water in die verkeerde rigting vloei.
11. Verskillende lengtes pype kan aanmekaar gesweis word. Dit word egter nie aanbeveel vir sement- of asbespype nie.
12. Pype wat korter as 13 mm is word nie as ekonomies beskou nie weens die baie laste benodig. Sulke kort pype staan ook bekend as wasters.

Een nag kom ek baie laat tuis Die verhaal van 'n vrou wat uitgerank het



Ek was nou die aand saam met "die meisies" uit nadat ek my man belowe het dat ek om middernag tuis sal wees. Maar die ure het vinnig verbygegaan, en die margaritas het net so maklik afgegaan. Om 'n lang storie kort te maak: Ek is eers skuins voor drie daar weg.

Toe ek by die voordeur ingaan, het die koekoeklok in die portaal drie keer gekoekoek en vertel dis drie-uur.

Ek het vinnig gedink, besef my man sal waarskynlik nou wakker wees en ek wil tog nie nou 'n woordewisseling met hom aanknoop nie.

Ek het vinnig nog 9 koekoeks gemaak, want $9+3 = 12$ en 12 is middernag.

Die volgende oggend sê hy ons sal die koekoeklok moet laat regmaak.

"Hoekom?" vra ek.

"Want laasnag het hy drie keer gekoekoek, en toe sê hy 'o fok' en toe koekoek hy nog vier keer, maak keelskoon, koekoek nog vyf keer, val oor die koffietafel en poep kliphard."



Duskantlanders in Anderkantland

Hoekom in Engeland bly?

"Ek is 'n onbeskaamde basterkind. Té wit vir Afrika en te wild vir Europa."

Deur PIETER MALAN

Die man wat die robbe toertjies leer by St Andrews se akwarium – kom ons noem hom Andy – is onmiddelik meer spraaksaam toe hy hoor ons is van Suid-Afrika. Hy is hard besig om te spaar sodat hy weer Suid-Afrika toe kan gaan. Hy wil daar gaan klasgee en werk, vertel hy.

"Waarom sou hy dit wil doen as almal uit Suid-Afrika wil padgee? Kyk net hoeveel Suid-Afrikaners is hier in Brittanje," wil ons weet.

Hy kyk ons aan asof ons pas voorgestel het dat ons die raarste vis in sy tenk vir aandete eet.

"Dis die mooiste plek in die wêreld. Waarom sou enigiemand nie daar wil bly nie?" vra hy verbaas.

Die gesprek met Andy spook nou reeds 'n paar dae by my. Veral omdat ons, soos Andy, ook besig is om planne te maak om "huis" toe te gaan.

Ondanks die feit dat ek die Britte gedurende my tyd hier leer ken het as 'n ongelooflike akkommoderende spul wat agteroor buig om ander nasies en kulture te laat welkom voel op hul eiland, is ek nie Engels nie.

Gedurende die drie jaar wat ek hier in die noordelike halfgrond gebly het, het ek baie waarding gekry vir die historiese frats wat my gemaak het wat ek vandag is. My voorvaders was Frans, my taal 'n halfnaatjie boetie van Hollands terwyl my breë sosio-politiese lewensbeskouing sterk beïnvloed is deur ons Anglo-Saksiese koloniale meesters.

Ek is 'n onbeskaamde basterkind. Op my mees rasonale oomblikke voel ek my nêrens werklik tuis nie. Té wit vir Afrika en te wild vir Europa.

'n Mens moet jou egter weerhou daarvan om jou eie geval as besonders voor te hou. Die wêreld is vol sulke ontuisies: Karibiese Engelse, Turkse Duitsers, Duitse Namibiërs – baie van hulle selfs meer volksvreemd as Afrikaners.

Daar is sommige (wit) Suid-Afrikaners wat argumenteer dat 'n mens dié siklus van nêrens tuis wees moet verbreek. Hulle sê 'n mens moet emigreer om jou kinders 'n beter kans te gee en is gewoonlik erg trots op die feit dat hulle spruite nou egte Engelsmannetjies is wie se plat Hollywood polisieman-Engels binne een generasie uitgeteel het of wat nou net so goed skaats soos 'n Kanadese yshokkie-speler.

Ek bewonder die opoffering wat sulke mense bereid is om vir hul nageslag te maak, maar self sien ek nie kans om só 'n reusagtige kulturele afgrond tussen my en my kinders te plaas nie.

Hoe, wonder ek, beantwoord jy 'n nuuskierige kleuter se miljoene "hoekom-vrae" oor die goggatjies, die bome, die grasse en die blommetjies wat hy elke dag teenkom as jy self nie die nuwe wêreld rondom jou ordentlik ken en verstaan nie?

Hoe leer jy 'n jong seun conkers speel as jy self net kennetjie ken? Ek weet dat ek nie die enigste een is wat met hierdie probleme worstel nie. Immigrasie prokureurs hier in Londen vertel my dat die meerderheid Suid-Afrikaners wat terugkeer huis toe, is jong mense wat 'n paar jaar hier gewerk het en pas met 'n gesin begin het. Dit is vir hulle wie die gekombineerde trekpleister van oupa en ouma en die herinneringe van hul eie grootwordjare té veel raak.

Want ja, dit sal dalk nuus wees vir baie pessimistiese lesers, maar die migrasie-vloei tussen Brittanje en Suid-Afrika is nie net in een rigting nie en duisende Suid-Afrikaners wat hier woon, speel met die idee van terugkeer.

Met die Britse ekonomie wat nou 'n seker resessie in die gesig staar, voorspel ek dat baie Suid-Afrikaners wat tot nou toe net oor die moontlikheid getob het, hulle planne tot uitvoering gaan bring. Hierdie is mense wat hulle eenvoudig nie gaan steur aan die bangmaakstories oor misdaad, oor Zuma en ANC-skeurings en die holrugdebat oor bly of gly op die koerante se brieweblaaie nie.

Elke keer as ek oor dié sake nadink, is daar 'n paar reëls uit David Kramer se *Matchbox Full of Diamonds* wat by my opkom. Dis baie gepas, omdat dit die irrasionele aard van enige debat oor identiteit en blyplek so mooi saamvat:

Miskien vir jou is die plek lelik/ Maar vir my is die plek mooi/ Hoekom sal ons nou hier bly/ Want die Here het ons hier gegeroep.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

Balans

Ons weet almal dat gesonde balans in die lewe nodig is vir gesonde gebalanseerde mense in die gesonde gebalanseerde lewe!

Daar is 'n sterk verhouding tussen goeie voeding en die voorkoming van siektes: 'n Gesonde energie/kilojoule inname help om vetsug, diabetes, kardiovaskulêre siektes soos aterosklerose, cholesterol en hipertensie teen te werk.

'n Toereikende inname van noodsaaklike voedingstowwe voorkom gebreksiektes
'n Afwisselende, gebalanseerde dieet kan jou teen sekere soorte vorms van kanker, soos kolon-kanker beskerm, veral as dit vrugte en groente en baie vesel insluit. Kalsium help om osteoporose te beskerm. Voeding bly jou hoofbron as jy nie wil pille sluk nie!

Aanbevole daaglikse kalsiuminname:

Adolesente 1300 mg
Volwassenes 1000 mg
Ouer as 50 1200 mg

Voedselbronne: melk, melkprodukte en broccoli, en vis met sagte grate, soos salm, en ingemaakte vis, eet dit met grate en al!

Dus: 'n Daaglikse gesonde eetplan vir volwassenes sluit in:

2-3 porsies proteïen (60 g elk) maer vleis/vis/, pluimvee/eiers, droë bone/ertjies/neute.

2-3 porsies kalsiumryke (250 ml) melk/kaas of jogurt of kalsiumryke vis.

4 - 6 porsies Vit B kompleks en koolhidraatryke volgraan brood/pasta/ontbytgraan/pap/hawermout of aartappel in skil gaargemaak.

2-4 porsies (125 ml) vrugte

3-5 porsies (125 ml) groente

Vit A: veral te kry in perskes, appelkose, mango, geelwortels, pampoen, erte, groenbone en avokado's.


Vit C: in rou koejawels, papaja, sitrus, aarbeie, pynappel, kiwi, tamatie, kool, brokkoli en blaarslaai.

Vit D: 20-30 minute daaglik in vol son op jou arms, bene en gesig! Vroegoggend of laatmiddag terwyl jy gaan stap!

Ander vitamien en minerale: appels, piesangs, perskes, druiwe, aartappels, blomkool, uie, rosyne en droëvrugte.

Onthou die vyf- 'n- dag reël: 2 vrugte en 3 groente daaglik, of andersom!

Besoek gerus ook my werfie op die Onsdorp-webblad by
<http://www.onsdorp.com/somaakmens/>



Ons slim kinders

Waarvoor is Sir Walter Raleigh beroemd?

Hy het sigarette uitgevind en fietse baie gewild gemaak.

Wat het Mahatma Gandhi en Genghis Khan gemeen?

Ongewone name.

Noem een van die vroeë Romeine se grootste prestasies.

Hulle het geleer om Latyn vlot te praat.

Dit was etenstyd op die vliegtuig en die vlugkelner vra 'n passasier of hy aandete wil hê.

"Wat is my keuses?" vra hy.

"Jy het twee keuses," sê sy. "Ja of nee."

(Klink mos half na SAL se uitstaande kajuitdiens?)



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

DIEDERICKS

finetuner@absamail.co.za

Ek soek meer inligting oor die Diedericks-familie. Oud-staatspresident Nick Diedericks was 'n neef van my skoonpa, Johannes Petrus Diedericks, gebore op Aberdeen.

ELSE

estelle@mozi.co.za

Die van mag verander gewees het van Els na Else. Daar is 'n O'Leary-skakel in hierdie familie. Blykbaar het O'Leary van 'n boot wat in Durban se hawe geanker was die binneland in gevlug na Colenso. Daar is hy met 'n meisie getroud en het haar van aangeneem. Die meisie se van was of Else of Rou, daar is ongelukkig twee stories.

FAUL / FAULL

marie@sweetnam.co.za

Soek na alle Fauls en nasate in die Wes-Kaap, afstammeling van John Henry Faul en Eliz. Payne, wat in 1836 in Kaapstad getroud is en hulle in SA gevestig het, moontlik eers in Hanover en later in Kimberley en die Noordweste.

FOUCHE

koklucy@telkomsa.net

Fouche P.J. geb. 5/6/1912, oorl. 7/10/1975; Fouche Petrus Gerhardus geb. 1/03/1875, oorl. 6/4/1936. Oupagrootjie getroud met Christine Petronella Marais geb. 17/01/1893, oorl. 24/03/1980. Kinders: Emily Fouche, getroud met Awie de Wit. Pieter Johannes Fouche; Anna Johanna Dorothea Koch geb. 30/09/1922, oorl. 24/01/2005. Judith Fouche getroud met Huggett (polisie); Johnny Fouche getroud met Martjie?; George Fouche getroud ?; Jeanette Fouche getroud met Petra van Veuren. Oupagrootjie het broers gehad: Eban Pieter Fouche; Koos Fouche; Johannes Fouche. Weet niks van hulle verder.

Ouma Fouche se vader was Johan George Marais geb. 18/10/1859.

Ouma Marais Elizabeth Johanna Wannenburg geb. 15/09/1862, oorl. Beaufort-Wes 1881. Broer van ouma Alfred Marais

Susters: Sydney Jooste, Martha duToit, Lizzie Jooste. Tante Sydney het 'n losieshuis in Kimberley bedryf.

Pieter en Dora Fouche het 2 kinders gehad van wie nog net die dogter leef. Lucille Kok (Fouche) geb. 1/04/1945 en Eben Pieter Fouche geb. 21/08/1948, oorl. 4/08/1988.

Emily en Awie en 'n seun en dogter wat beide nog leef.

Judith Huggett en 4 seuns van wie almal nog leef. Johnny geen kinders. George slegs een dogter by name Lorraine, weet nie of sy nog leef nie.

Jeanette Janse Van Veuren 2 seuns van wie albei nog lewe.

Ek het geen verdere inligting i.v.m. die verdere afstammeling van die deel van die Fouche familie nie en sal ook graag wil weet of iemand enige verdere inligting kan verskaf.

SLABBER

estelle@mozi.co.za

Die familievan was eers Slabbert en het so verander weens 'n spelfout op 'n kind se geboortesertifikaat. Die betrokke Slabber-familie is afkomstig van Moorreesburg, plaas Schilpadvlei. Eerste eienaar van die plaas was Jacobus Hendrik Slabber, maar daar was blykbaar twee broers wat saam gekoop het. Ek is op soek na die skakel geslag tussen Slabbert en Slabber.

WIESE

estelle@mozi.co.za

Ek is op soek na die familielyn van die Wieses wat op Blindfontein, Piketberg geboer het. Jacobus Wiese?

OPINIES OOR DIE LIEFDE

Ek is ten gunste van die liefde, solank dit net nie gebeur terwyl *The Simpsons* op televisie is nie. (Anita, 6)

Liefde sal jou kry, al probeer jy ook daarvoor wegkruip. Ek probeer al daarvoor wegkruip vandat ek vyf is, maar die meisies bly my kry. (Bobby, 8)

Ek is nie haastig om verlief te raak nie. Graad vier is moeilik genoeg. (Regina, 10)



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Afrikaanse radio in Amerika

Daleen Pretorius, Arizona:

Hier in Anderkantland raak dit nou winter en alhoewel ons in die "woestyn" bly, is die aande en die oggende maar koud soos in Namibie. Die dae is nog ok maar as die donker kom of moet wyk dan byt die lug.

My idee virt 'n radiostasie hier in Amerika is om net eers die gevoel te kry van Anderkantlanders wat sal belangstel om te luister. Ek het reeds 'n audio streaming company opgelyn om te help met die uitsendings en hulle is reg om te begin maar dit sal nie die moeite werd wees om dit van die grond af te kry as jy nie die luisteraars het nie.

Ek dink daaraan om dit twee aande 'n week te doen en dit moet die vorm aanneem van lekker musiek en byvoorbeeld SA nuus. Sodra ek weet ek het 'n gehoor dan kan ons begin. Ek moet net probeer om dit gefinansier te kry want ek wil nie my man as finansier betrek nie.

My e-posadres waarheen ek graag terugvoer wil hê, is d60104p@gmail.com. Lede van die Springbokklub waarvan ons ook lede is, het hier vir my gevra of ek nie so iets wil begin nie. Ek was 'n radiostasiebestuurder in Duskantland.

Boeretaal in OZ

Rochelle Pretorius, Australië:

My program se naam is Afrikaans Sonder Grense en mense oor die wêreld kan deur die webwerf luister: www.coralcoastradio.net.au. Klik op die ikoon Now On Air. My program is op 'n Donderdag van 18:00 – 20:00 (10:00 – 12:00 op 'n Donderdag in Suid-Afrika. My tannie van 83, tannie Duifie, is my grootste bewondereaar en luister daar van Springs af. Suid-Afrikaners luister in Nieu-Seeland ook - by hulle is die program 20:00 – 22:00.

Mense stuur versoeke in van Leonora Veenemans regdeur tot Bok van Blerk na my radio e-pos: rochelle.radio@yahoo.com.au

Laat hoor gerus van julle, en versprei asseblief die boodskap!

Radio is 'n puik idee!

Marie Sweetnam:

Die Afrikaanse Stasie in Aus is nou vir jou 'n wonderlike idee. Ons ken baie oud-inwoners van hier wat nou daar woon en ek sal vir hulle almal die nuus stuur.

Indien Daleen Pretorius nou in Arizona so 'n Afrikaanse stasie die lug in wil laat wiel dan meot sy mos 'n kontakadres vir haarself gee, of hoe? Ons kleinseun – oud USA Marine, maar wel 'n Amerikaner as gevolg van sy Pa se status, woon en werk nou in San Diego, en hy kom van Harrismith en praat nog vlot Afrikaans. Hy sal dit sekerlik baie geniet want as Rotary Student het hy juis in Yuma (?) Arizona studeer en is baie lief vir daardie wêreld.

(Sien albei adresse hierbo – en laat waai, Marie!)

Spaar EN maak geld van die huis af!

Ek en my twee webmeestermaats Gerrie van *Die Knoop* en Danie van *Egafrikaans* kyk gereeld op die internet rond op soek na 'n geleentheid wat mens 'n meevallertjie kan bring.

Gereelde sakgeld. Iets wat jy van die huis af kan bedryf.

Ons het onlangs 'n goeie kat uit die boom gekyk en nou aangesluit by 'n splinternuwe geleentheid wat jou R200 in jou bank gee slegs 'n week nadat jy iemand suksesvol verwys het.

Dis al wat jy doen: Verwys mense en as hulle aansluit, kry jy nie net die R200 nie, jy kry daarna 'n gereelde kommissie solank as wat jy en hulle lede bly.

Die produkte spaar jou ook nog boonop R200 en meer op jou normale maandelikse uitgawes! Om meer hieroor uit te vind, gaan na die adres hieronder en vul die vormpie in. Kyk rustig na die aanbieding wat aan jou gestuur sal word. GEEN VERPLIGTING NIE.

Doen jouself 'n guns, hier is die plek:

<http://www.premierdirect.co.za/info/?sponsor=910754>

Doen dit sommer nou!

AGTEROS

Regte boere gaan hemel toe

"'n Boer se vrou kan kassies tamaties pak, 'n koolstoof brandmaak, truië brei, pap wiele omruil en 'n rindhals agter die yskas doodslaan."

'n Mens kry boere wat nie tipiese boere is nie. Veral jou tjekboekboere. Dit is die dokters, prokureurs, eiendomsagente en 'n arsenaal onbeskaafde, ryk gomtorre wat hul geld in die stad as "pênelbieters" of aandelmakelaars gemaak het.

Hulle is nie ware boere nie.

So 'n halfwas-boer se grond is klaar betaal, sy krippe lek nie, sy lyndrade hou sy beeste binne en sy hekke hang nie. Sy viertrekvoertuig het 'n CD-speler, is altyd blink en skoon, het nuwe bande en trek 'n nuwe waentjie. Sy seuns neem drama-lesse en weet niks van 'n kettie of dikmelk af nie.

Onder die ware boere is daar ook die meneer wat juis probeer anders wees. Hy dra denimlangbroeke en gholfkêpse, borsel tande voor ontbyt, gebruik sy eie handdoek en spuit goed onder sy arms.

Vir so 'n boer moet jy versigtig wees. Hy het waarskynlik nog nooit 'n Joseph Rodgers-mes gesien nie. Hy drink pinotage by ete, braai vis pleks van tjops en maak die motor se deur vir sy vrou oop. Hy is 'n sissie.

'n Regte boer dra 'n hoed. Ou boere dra 'n ou hoed met 'n wye rand wat na jare se sweet ruik. Nuwe boere dra 'n nuwe hoed wat heel onvanpas soos 'n vars miskoe op sy kop lyk.

'n Boer rook 'n kortsteelpyp wat hy met 'n hoenderveer skoonmaak. 'n Boer drink brandewyn met brakwater of Coke. En hy drink hom stêrk, vier vingers sterk. Sonder ys.

'n Boer se vrou kan kassies tamaties pak, 'n koolstoof brandmaak, truië brei, pap wiele omruil, 'n rindhals agter die yskas doodslaan, duwweltjies uit voete haal en babatjies vang. 'n Boer verneuk niemand nie, behalwe die keiser. 'n Boer betaal nie belasting nie, net BTW, wat hy terugeis.

'n Boer het 'n dubbelloop-haelgeweer, 'n ou Lee-Metford, 'n nuwe 30-06 en 'n .22-geweer. Hulle lê bo-op die hangkas, want hy het nie 'n geweerkluis nie.

'n Boer het nie 'n tyddeel nie, maar baie tyd. Hy slaap smiddags tussen een en twee. 'n Boer het net een pak klere wat hy kerk en troues toe aantrek. Die pak is te klein.

'n Boer gaan kerk toe, maar stem nie saam met die sinode se besluite nie.

'n Boer praat nie Ingels nie, buiten 'n klompie in die Kolonie en Natal. Maar hy kan 'n swart taal praat. Wanneer 'n werker die hek laat ooplê en die beeste in die lande kom, praat hy verskeie tale gelyk. En vinnig.

'n Boer het deesdae 'n sakrekenaar, veral by die vendusie. Maar hy sukkel steeds om uit te werk hoeveel water sy boorgate het, veral as hy sy plaas wil verkoop aan iemand wat wil weet hoeveel water daar is, want hy wil bankrotbossies met die geleerde naam van tamaties plant.

'n Boer glo nie in gesinsbeplanning nie. Min kinders los hy vir die Ingelse, vir mense wat nie 'n groot werf het nie en diegene wat vir hul vleis moet betaal.

'n Boer se seuns kry 'n beurs vir die skoolkoshuis en speel rugby, nie krieket nie. Ná skool gaan hulle universiteit toe. Daarna kan hulle nooit weer boorgatpype optrek nie en word vaal ouditeurtjies in grys pakke en blinkleerskoene wat hul pa wil leer boer as hulle vakansies met hul sagte handjies kom kuier.

Niemand skiet deesdae meer verniet op 'n boer se plaas nie - net die bankbestuurder.

□ □ □

'n Boer weet meer van die politiek, die ekonomie, die jongste krikettelling in Indië, aandelepryse, vroue-operasies, die goudprys, stakings en koekresepte as enigiemand anders, want hy luister heeldag draadloos in die Isuzu.

'n Boer glo nie aan nuwe bande vir sy bakkie nie. Hulle moet glad wees, anders ry hulle nie lekker in die sand nie.

'n Boer huil nie, behalwe as die eerste bulkalf van die seisoen aankom of sy dogter op die skoolsportbyeenkoms eerste kom.

Hy kry nie seer nie en gebruik nie pleisters nie, maar hy dra sy hele lewe lank verbande: twee verbande op elk van sy drie plase.

'n Boer skei nie, hy gaan net dood. Ryk boere gaan arm dood en arm boere gaan ryk dood.

'n Boer se testament lyk anders as ander mense s'n: sy vrou en dogters erf niks grond nie. Die oudste seun erf alles, en verloor weer alles omdat hy dinge op die plaas probeer wat sy pa altyd geweet het nie sal werk nie.

'n Boer gaan hemel toe.

Hierdie jaar se laaste
KAMMANUUS
verskyn op 14 Desember